23.8.1968 65

VERKLARING 191.T.7 (81)

I.S. GEBEURTENISSE BY DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD GISTERAAND (22 AUG. 1968), WAARBY OOK STUDENTE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH BETROKKE WAS.

Ek het vanoggend hierdie aangeleentheid dadelik ondersoek en gevind dat sommige koerantberigte daaroor baie oordrewe is. Dit ly geen twyfel nie dat daar 'n groot element van studentepret met die saak gemoeid was.

Dit is bekend dat daar lankal sprake was van 'n teenbetoging waaraan sowel publiek as studente sou deelneem. Dit blyk dat op Stellenbosch gistermiddag 'n hele aantal studente van die Universiteit van Kaapstad was wat hier by studente samewerking kom vra het in verband met die beoogde teenbetoging.

Wat betref die teenbetoging, soos dit gisteraand wel plaasgevind het, blyk dit dat 'n groot aantal studente van die Universiteit van Kaapstad , jongmense van die gewone publiek en ook studente van Stellenbosch daaraan deelgeneem het. Ek betreur dit dat Stellenbosse studente wel ook daar was. Dit is 'n verkeerde optrede wat niemand kan goedpraat nie.

Volgens een koerantberig sou 'n professor van die Universiteit van Kaapstad gisteraand aan die teenbetogers gesê het dat hulle welkom is om op rekening van die Universiteit van Kaapstad by 'n bepaalde hotel drankies te gaan geniet. Indien hierdie berig korrek is, vind ek sodanige optrede betreurenswaardig. Dit is seer seker nie die beste wyse om so 'n situasie te hanteer nie.

Ten slotte wil ek net byvoeg dat enige redelike mens dit seker jammer sal vind dat 'n sitbetoging toegelaat word om in 'n betreklik beperkte gebou vir nagenoeg tien dae ongehinderd voort te gaan. Wat moet in dié tyd die persoonlike toestand van die betogers wees? En watter openlike uitnodiging tot rusverstoring lê nie hierin opgeslote nie?

H. B. THOM,
(Rektor, U.S.)

Stellenbosch,
23 Aug. 1968.